

Dag	Lees
Ma	Mat 1
Di	Mat 2
Wo	Luk 1
Do	Luk 2
Vry	Luk 3
Sat	Mark 1
Son	Joh 1

Jesus se geboorte is 'n kern deel van die Evangelie. Die wat glo dat Jesus werklik gebore is en mens geword het, maar ook bely dat Hy waarlik God is, word sy kinders! Hieraan ken julle die Gees van God: *Elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is (I Joh 4:2). Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God (I Joh 5:1). Glo jy dit?*

11 *Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!*

14 *"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" (Luk 2:11,14)*

1. Die geboorte is in die Ou Testament voorspel

Die evangelie van Matteus word aan Jode vertel. Matteus probeer hulle dus met aanhalings uit die Ou Testament oortuig dat Jesus die beloofde Messias is. Hy doen dit eerstens deur te begin met 'n geslagsregister wat wys dat Jesus uit die geslag van Dawid gebore is, soos God aan Dawid belowe het. God was in beheer van hierdie geslagslyn: *Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus (Mat 1:17). Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem. Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word, (Matt 1:21-23 verg Jes 7:10-14).*

2. Die geboorte is deur die Heilige Gees bewerkstellig.

Lukas skryf sy evangelie aan Teofilus, wat eers 'n heiden was. Hy beklemtoon die buitengewone geboorte: *Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God (Luk 1:35).* Die lof van die engele besing ook die koms van die Verlosser en bevestig so dat hierdie nie net nog 'n mens is wat gebore is nie...

3. Hy was werklik mens.

Lukas toon egter ook aan dat Hy ware mens was. *Hulle gaan toe haastig daarheen en kry vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die krip lê (Luk 2:16).* Hy vertel ook van Jesus as kind by die tempel.

4. Hy was ook waarlik God.

Johannes dui in sy evangelie aan dat Jesus, van die begin van die skepping af, daar was. Hy het in die geskiedenis van die mens ingestap deur onder die mense te kom woon. *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God en die Woord was self God. (Joh 1:1). Die Woord het mens geword en onder ons kom woon (Joh 1:14).*

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Al vier die evangelies vertel Christus se lewensverhaal uit verskillende hoeke en vir verskillende teikengroepe. Werk gerus deur hierdie kort Bybelstudies om ietsie daarvan te ervaar

Jesus se geboorte in Johannes (Joh 1).

Die Johannes evangelie begin die verste terug in die geskiedenis en vertel die geboorte op 'n heel ander manier.

1. Wat was in die begin daar (Joh 1:1)?
2. Waarom weet ons Johannes bedoel met die "Woord", Jesus Christus (Joh 1:14)?
3. Was Jesus by die skepping betrokke (Joh 1:3-5)?
4. Waarvan moes Johannes, voor Jesus se koms getuig (Joh 1:6-8)?
5. Hoekom het Jesus aarde toe gekom (Joh 1:12-13)?

Jesus se geboorte in Lukas (Luk 1-2).

Net Lukas vertel van die aankondiging aan Maria en die herders.

1. Jesus se geboorte is vooraf aan Maria aangekondig – lys 4 eienskappe van Jesus wat in die aankondiging voorkom (Luk 1:30-33)?
2. Watter wonder verduidelik die engel vir Maria in Luk 1:34-37?
3. Waar is Jesus gebore (Luk 2:4-7)?
4. Hoe verduidelik die engele vir die skaapwagters die betekenis van Jesus se geboorte (Luk 2:10-14)?

Jesus se geboorte in Matteus (Mat 1-2).

Net Matteus vertel van Josef se droom en die sterrekykers.

1. Wat wou Josef doen toe hy hoor Maria is swanger (Mat 1:18-19)?
2. Wat word in 'n droom aan hom duidelik gemaak (Mat 1:20)?
3. Wat is die rede vir Sy geboorte (Mat 1:21)?
4. Hoe beskryf die sterrekykers vir Jesus (Mat 2:1-2)?
5. Hoe het die sterrekykers uiteindelik die regte plek gekry (Mat 2:9)?

Jesus se geboorte in Markus (Mark 1).

Die boek Markus is die enigste evangelie wat nie Jesus se geboorte beskryf nie. Hy begin sommer dadelik met die werk van Johannes die Doper. Hy haas hom deur die boek en spandeer die grootste deel van die boek aan Jesus se kruisiging.

1. Watter profeet, in die Ou Testament, het Johannes die Doper se koms voorspel (Mark 1:2-3)?
2. Wat was Johannes die Doper se preke se inhoud (Mark 1:4)?
3. Wat sou die verskil wees tussen Johannes se doop en Jesus se doop (Mark 1:8)?